# VREDE – JESUS LEWE!

**Luk 24: 36-49**

Dit is Paassondagaand - die Sondag na die Vrydag waarop Jesus gekruisig en begrawe is. Daardie oggend het *die vroue* ontdek dat sy graf leeg is. Allerhande *stories* was besig om die rondte te doen. Die *dissipels* skuil op daardie tydstip agter geslote deure.*Twee manne* het sopas by hulle aangekom en vertel dat Jesus by hulle aangesluit het terwyl hulle oppad Emmaus toe was.
*"Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!"* (:36)
**Sjalom…Vrede – ek lewe!**
Gemeente, dit is **die boodskap van die opstanding**: <u>Vrede – Jesus lewe</u>!

**1. Vrede ipv vrees vir "spoke":** Ons lees hier *"Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees."* Jesus lag hulle nie uit nie. Hy benader hulle heel simpatiek. Hy nooi hulle om Hom van naderby te bekyk – spesifiek Sy hande en voete met die spykermerke nog daarin. Hulle kan maar voel ook. Dan sal hulle agterkom Hy het vleis en bene. Selfs toe het hulle nog steeds getwyfel, maar Hy verwyt hulle nie. Hy vra hulle toe maar iets om te eet en eet toe die stuk gebakte vis voor hulle oë. Toe MOES hulle besef: *"Dit kan nie 'n gees of 'n spook of 'n hallusinasie wees nie! Dit MOET die einste Jesus wees wat ons geken het!"*
**Mense is lief om spoke op te jaag**. Ons praat mekaar bang. Soos die dissipels daardie aand, sien ons spoke waar daar nie spoke is nie. Dis omdat ons **vergeet** dat ons nie alleen is nie, maar dat Jesus lewe. Watter "spoke" is daar vandag in JOU lewe?
Ons weet almal wat **Paashase** is. Dit is diertjies uit 'n *sprokie*. Hulle verskyn elke jaar tydens die Paasseisoen. Maar daar is ook so iets as **Paasménse**. Hulle is nie sprokieskarakters nie. Inteendeel, dis wat *ons* bedoel is om te wees – die hele jaar lank! <u>Die Paas*boodskap* moet van ons Paas*mense* maak</u>.
**Wat is 'n Paasmens?** Dit is iemand in wie Jesus lewe. Paasmense is mense wat nie bang is vir denkbeeldige gevare nie omdat hulle weet Jesus leef en Hy leef IN hulle.

**2. Vrede ipv vrees vir werklike gevare.** Dit verbaas my nie dat die dissiples agter geslote deure vergader het nie. Na wat hul Leier oorgekom het, was hulle natuurlik bang vir die Joodse Raad en dat dieselfde lot hulle ook kon tref. En dit was nie maar net 'n geval van  spoke opjaag nie. Dit was 'n **werklike bedreiging**. Hulle het *rede* gehad om te vrees vir hulle lewe.
Jesus skenk hulle vrede. So is daar kinders van die Here wat vandag in lewensgevaar is, wat miskien baie gevaarlike werk doen, wat terminaal siek is of wat ander gevare moet trotseer. Jesus kan aan hulle en ons vrede gee omdat Hy die dood oorwin het. Die dood is nou sonder 'n *angel* (1 Kor 15:55). Nog die lewe, nog die dood kan ons van die liefde van God *skei* (Rom 8:38vv). Daarom kan ons 'n vrede *"wat alle verstand te bowe gaan*" ten spyte van omstandighede hê (Fil 4:7).

**3. Vrede ipv 'n knaende gewete**. Die dissiples het vir seker met 'n hele klomp **skuldgevoelens** gesit. 'n Mens kan nie vrede hê solank jy 'n skuldige gewete het nie. Die boodskap dat Jesus opgestaan het, het dit moontlik nog erger gemaak. Hoe sal hulle Hom weer in die *oë kan kyk*? Hulle wat aan die slaap geraak het toe Hy hulle in Sy uur van nood gevra het om saam met Hom te waak en te bid; wat soos 'n klomp lafaards weggehardloop het toe die gevaar gedreig het en Hom aan sy eie lot oorgelaat het; Petrus wat blatant ontken het dat hy Hom ken… Hoe **skaam** moes hulle nie nou

daaroor gewees het nie. En dan die vrees en onsekerheid: Gaan Hy ons nou kom *terugkry* vir ons ontrouheid? Hoe gaan ons sy verwyte hanteer?
Met **sy groet** daardie aand, stel Hy hulle dadelik gerus – soos ook vir ons aan die begin van elke erediens - Hy kom in vrede.
As daar van ons is wat vandag ook met skuldgevoelens worstel – u kan vrede maak met God, want Jesus lewe. Sy opstanding is die teken dat God sy offer vir ons sonde aanvaar het. Deur berou en bekering is daar vergiffenis van al ons sondes. Paulus: *"God het ons dan nou vrygspreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus."* (Rom 5:1)

**4. Vrede ipv vrees vir 'n onseker toekoms**. Die dissiples het drie jaar lank dag-vir-dag die pad saam met Jesus gestap. Nou was Hy skielik nie meer daar nie. Wat moes hul **volgende tree** wees? Hoe nou verder? Kan jy jou hulle onsekerheid voorstel? Skielik was hulle werkloos en doelloos, vol onsekerheid oor die toekoms.
Vrede, want Jesus lewe. Die lewe saam met Hom **gaan voort,** wel net op 'n ander manier**.** Hy het mos belowe dat Hy hulle nie as *wese* sou agterlaat nie. Hy kom gee hulle *verdere opdragte* en die versekering van die nodige toerusting. Hulle kan die toekoms doelgerig en vol vertroue tegemoetgaan, want Hy lewe nog steeds.
Broer en suster, die toekoms is altyd onseker, soms meer, soms minder. Maar ons hoef dit nie te vrees nie. Ons lewe sal nooit *sonder doel* wees nie en ons sal altyd *in staat* wees om te kan doen wat Hy van ons verwag. Deur sy Gees is Hy *met ons* en *in ons* al die dae. Vrede, want Jesus lewe.

**5. Vrede ipv verwarring**. Die dissipels was *verskrik en vol twyfel*. Hulle het nog nie mooi geweet hoe om alles wat daardie naweek gebeur het *te verklaar* nie. Was alles net 'n *droom* wat in 'n aaklige nagmerrie ontaard het? Was hulle die afgelope drie jaar besig om 'n *lugspieëling* na te jaag? Het hulle hul met Jesus *misgis*? Het hulle nou in 'n *doodloopstraat* beland?
Vrede vir julle! Raak rustig. Word kalm. Ek leef. Ek het oor-leef. Dit is nog dieselfde Ek. Alles wat gebeur het, was **volgens plan**. Gaan lees maar weer julle Bybels. Gaan *dink weer na* oor wat Ek vantevore vir julle gesê het. Dan sal julle besef *"Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor my geskrywe is. Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan."* (:44,45) God se plan het nie ontspoor nie. Dit is nog op koers.
God se Woord is vir ons **'n anker** wanneer die storms woed. Dit is vir ons **'n baken** as ons ons weg deur onstuimige tye moet probeer vind. Daarin word God se plan vir ons uiteengesit en niks en niemand sal kan verhinder dat daardie plan tot uitvoering kom nie. **Selfs die kruis** kon dit nie *deur-kruis* nie. Vrede, Jesus lewe. God het die laaste sê.

**6. Vrede ipv 'n sinlose bestaan**. <u>**Paasmense** weet Jesus lewe en Hy leef *in hulle*.</u>
Daarom het hulle vrede, want wat kan '**n mens** hulle aandoen? Daarom weet hulle hul **sondes** is vergewe en hul straf kwytgeskeld. Hulle benader die t**oekoms** positief in die wete dat hulle met Christus tot alles in staat is. Hulle laat hulle ontmoedig deur die **hoekoms en die waaroms** nie, want hulle glo dat God se wil sal seëvier en dat alles ten goede sal meewerk.
Daarom kan hulle **fokus op die taak** wat die Here Jesus aan Paasmense toevertrou het en waarmee ons tot Sy terugkeer moet besig bly: *"... in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en*

*verder."* (:47) Hierdie wonderlike vrede wat ons van die Here Jesus ontvang, moet **verder gedra** word. Dit was nie net daar vir die dissiples, of die Jode nie. Dit is nie net daar vir Constantia se lidmate nie. *"Laat Heer u vrede deur my vloei"* het ons verlede Sondag nog weer gesing. Dit is wat moet gebeur. Die wêreld moet weet hoedat hulle ook vrede kan hê ten spyte van werklike en verbeelde gevare, ten spyte van die onsekerheid van die toekoms en van verwarrende gebeure, hoedat hulle ontslae kan raak van 'n skuldige gewete en vrede kan vind met God. Hy gee ons lewe sin. Hy maak dit die moeitewerd. **Petrus** verwys in sy eerste brief daarna dat Jesus ons met sy kosbare bloed **losgekoop** het van *"'n sinlose bestaan."* (1:18)
**Dit is nie 'n maklike opdrag nie.** Daarom moes die dissipels eers wag op die gawe wat die hemelse Vader beloof het. Dit is die **Heilige Gees**. Hulle sou Hom nodig hê om hul opdrag te kan uitvoer. Die Heilige Gees is toe ook 40 dae later, op Pinksterdag, uitgestort. Toe het hulle in alle *erns vreesloos en vrymoedig* begin getuig oor wat hulle gesien en gehoor het.
**Elke kind van God** het dieselfde opdrag en toerusting ontvang. **Hoe toegewyd** is ons aan die taak wat Jesus ons gegee het? Wat is jou en my **aandeel** daaraan dat die evangelie versprei word? Nie net in Kaapstad nie, maar in Kaapstad *"en verder"!* U onthou seker die **vier G's** hoedat ons betrokke kan wees: Getuig, Gebed, Gee, Gaan.

SLOT

**Illustrasie**: Juffrou aan Gr4 klassie: "Watter persoon wat vandag leef, staan vir jou uit bo al die ander?" Antwoorde: Tiger Woods, die president van die VSA, pous, my ma … Jesus…!
**Paasmense** is mense met *vrede* omdat hulle weet dat Jesus IN hulle lewe en wat Hom *toelaat* om Sy lewe DEUR hulle te lewe – **Paulus** was so iemand: "*nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."* (Gal 2:20)

Sjalom … Vrede, want Jesus lewe!

Amen.

26/4/09

One day a teacher was asking the kids in her fourth grade class to name the person whom they considered the greatest human being alive in the world today -- and the responses were quick in forthcoming and also quite varied too.

A little boy spoke up and said, "I think it's Tiger Woods. He's the greatest golfer in the world, ever" A little girl said, "I think it's the Pope because he cares for people and doesn't get paid for it at all." Another little girl said, "I think it's President Bush because he's the President of the United States and the United States is the greatest country in the world." And yet another little boy said, "I think it's my mom because she takes care of me and my brother." Over and over again, kids cited one celebrity after another and another. But then it was little Donnie's turn.

And without even hesitating, when the teacher asked him the question, he replied, "Well I think its Jesus Christ because he loves everybody and is always ready to help them." Mrs. Thompson smiled and said, "Well I certainly like your answer Donnie, because I'm a Christian too and I also admire Jesus. But there's one slight thing that's wrong. I said the greatest living person, and of course Jesus lived and died almost two thousand years ago. Do you have another name in mind?" And I love the simple, innocent, wide-eyed response of little Donnie. He said, "Oh no, Mrs. Thompson, that's not right at all. Jesus Christ is alive! He lives in me right now!"

The greatest affirmation of the Church, in my opinion, is not the affirmation that Jesus was born of the Virgin Mary. It's not the affirmation that he performed incredible miracles or that he was a profound teacher or that he embodied the very presence of God. No, instead it's the affirmation that Jesus Christ is alive and that he actually lives inside the hearts and souls of each and everyone of us here!"

Daar was ‘n man wat jare op ‘n verlate eiland gewoon het. Hy was ‘n skipbreukeling wat alleen oorleef het. Hy het daar vir hom ‘n pragtige hut gebou en selfs ‘n groentetuin aan die gang gekry. Hy was baie alleen, maar dit het sy verhouding met die Here goed gedoen. Die Here het sy Vriend geword in die tyd.
Een dag kom hy terug van ‘n staptog, net om met skok te ontdek dat sy hut besig is om af te brand. Hy was woedend vir die Here: “Ek kan U nie begryp nie. Hoekom laat U so iets toe. Ek is klaar deur ellende en nou nog dit. U werk regtig nie mooi nie. Here, waar is U genade?”
Nie lank daarna stap twee matrose op hom af. Verward vra die man hulle: “Hoe het julle my gekry, want ek het julle nie gesien nie?” Die antwoord was duidelik: “O, jou rooksein het ons aandag getrek.” Die man het verleë na die hemel gekyk.